

Ons volkome liggaam is verlos in Christus

Teks: Job 19: 1 - 29 & Sondag 22

Teksvers: Job 19: 25 & 26

1. Inleiding

Ons fokus vanaand in hierdie leerdien val op die menslike liggaam. Miskien nie 'n gewilde preek tema nie. Maar in die wêreld rondom ons is dit verseker 'n baie aktuele tema. Gaan kyk maar net hoe besig die plaaslike gimnasium kan raak. Of hoeveel mense weet van hierdie of daardie dieet. Ons liggaam plaas ons op 'n plek in die samelewing, of ons dit wil aanvaar of nie. Want die samelewing daar buite huiwer nie om 'n mens te oordeel op grond van jou liggaam nie. Vandag dalk selfs meer as 'n paar jaar gelede.

Twee hoofsaake wat ons in die verlede in verskeie preke al met die liggaam verbind het, is natuurlik voedsel en seksuele omgang. Maar vanaand lê die fokus op 'n ander plek, tog is die klem steeds op voorkoms. Natuurlik kan dit waaroor ons vanaand praat 'n gevolg wees van 'n verkeerde dieet of 'n losbandige seksuele lewe. Ons praat natuurlik van siekte, veral 'n velsiekte. Dit is wat ons vanaand by een van die bekendste martelaars in die Bybel bring, Job. En in ons teksgedeelte is Job liggaamlik baie siek, volgens ons teksvers 'n toestand wat ook sy vel beïnvloed.

Job se voorkoms is nie baie goed in ons teksgedeelte nie. En dit maak dit ook vir hom moeilik in die samelewing waar hy moes leef, soos ons ook gaan sien in die prediking. Deesdae is velsiektes miskien

nie meer so gevrees nie. Miskien omdat so baie van hulle geneesbaar is. Maar dink maar aan iemand wat ernstige brandwonde op 'n groot gedeelte van sy liggaam opgedoen het. So iemand kan steeds maklik beswyk aan sy wonde.

Die ander sy is egter ook steeds relevant. Die sosiale samelewing aanvaar maklik iemand met 'n mooi vel, maar iemand met 'n slegte vel of selfs velsiekte word eerder eenkant toe geskuif.

2. Die liggaam in die Bybel

Ons fokus vanaand op die boek Job, een van die oudste geskrifte in die Bybel. En reeds in hierdie gedeelte van die Bybel is die fokus op die liggaam duidelik. Ons ken die geskiedenis van Job goed. Hoe hy onderwerp word aan die versoekings van die duiwel. Versoekings en swaarkry wat op die einde selfs sy gesondheid en liggaam raak. Selfs sy vel en voorkoms gaan drasties agteruit soos wat ons teksvers dit vir ons duidelik maak “nadat hierdie siekte my vel weggevreet het”.

En onmiddellik het hierdie toestand ook vir Job nie net geloofs-implikasies nie. In Job 2:8 sien ons dat Job op 'n ashoop gaan sit en homself met 'n potskerf krap. Waarskynlik om bietjie verligting vir sy veltoestand te probeer bewerk. Dit is dan hier wat Elifas, Bildad en Sofar met Job kom praat.

Maar hulle praat is, veroordelend en kwaai. Daarom hier in hoofstuk 19 tref ons 'n deel van die repliek van Job op Bildad se woorde aan. En uit Job se woorde is dit duidelik dat die samelewing en selfs sy vriende 'n sterk afkeer in hom het.

Selfs die mense wat nog nader aan Job is, is gewalg deur hom. Ons lees vers 15 & 16 van sy slavinne, in vers 17 van sy vrou en in vers 18 selfs kinders wat hom spot. Job se voorkoms aan sy fisiese liggaam verban hom nie net uit algemene sosiale kringe nie. Maar selfs in sy intiemste sosiale verhoudings verkeer hy as 'n ware op die ashoop.

Dit is dan 'n tema wat duidelik raaksien by mense onder die antieke Israel. Dit begin by die geloofslewe en spoel deur na die sosiale lewe van mense. Dit is al duidelik in Levitikus 21 dat geen priester wat 'n liggaamsgebrek gehad het, kom offer nie. Maar dit is dan veral in Levitikus 13 en 14 waar bepalings aangetref word oor gevreesde velsiekte van melaatsheid. Melaatsheid het jou heeltemal uit die sosiale samelewing gehaal. Jy moes eenkant, weg van jou geliefdes en vriende in die veld gaan leef.

Ons weet dat hierdie situasie van melaatse mense, steeds in die nuwe testament voortgeduur het. Ons sien dit duidelik wanneer Christus in Lukas 17 tien melaatse mans genees. Dus het 'n siekte aan die liggaam, veral die vel in antieke tye jou afgesny van die

samelewing. Iets wat waarskynlik by jou 'n aversie selfs in jou vriende sou skep, soos by Job. So erg dat Hy in vers 22 vir sy vriende vra word julle nie versadig aan my vlees nie.

3. Ons Verlosser se liggaam

Maar dan eindig alles nie hier in die donker dieptes is daar ook uitkoms. Daar is verlossing, en dit word duidelik in die verklaring van Job in ons teksgedeelte. Selfs wal word my vel afgeskeur, weet ek dat my verlosser leef. Die fokus op ons enigste Verlosser die Here Jesus Christus hierin kan nie mis gekyk word nie. Die Verlosser wat ook die losprys vir ons liggame kom betaal. Die verlosser wat uiteindelik met Sy eie liggaam die offer vir die sondes bring.

Dit is vir ons duidelik as ons aan die kruisiging dink en die geweldige pyn wat die liggaam van Christus aangedoen is. Ons weet uit die evangelies, dat Pilatus vir Christus oorgee om te laat gesel. Iets wat in al vier die evangelies beskryf word. Gesel is 'n proses wat 'n vel siekte sommerklik laat lyk. Dit is die proses waar 'n misdadiger geslaan word met 'n sweep met baie punte. Maar aan die punte is dan stukke skerp been vasgemaak. Dit ruk vel oop en veroorsaak geweldig baie pyn. Hierdie proses is so brutaal, dat na bewering meeste gevanges dit nie eers oorleef het nie. So word Christus se vel afgeskeur as losprys vir my en jou sonde. Christus oorleef hierdie geseling en betaal dan aan die

kruis die volle losprys vir my en jou verlossing.

Afgesien van die geweldige pyn wat tydens die proses van geseling en kruisiging plaasgevind het, is daar ook nog 'n groot deel vernedering, want dit het in die openbaar ten aanskoue van baie mense geskied. So was die Romeinse owerheid uiters effektief om nie net die menslike liggaam van 'n oortreder geweldige pyn toe te dien nie. Maar ook tot op die uiterste te verneder. Waarskynlik as afskrik middel vir ander misdadigers.

Maar die rede vir hierdie pyn en lyding van Christus is alreeds in ons teksvers baie duidelik in een van die oudste boeke van die Ou Testament. Die rede is die verlossing van ons uitverkiesde mense. Christus oordeel nie op grond van ons liggaamlike voorkoms nie. Hy kom kies ons uit, ondank ons kondisie in die sonde. Dan verlos en red Hy ons. En dit is 'n totale verlossing in beide liggaam en siel soos wat die antwoord op vraag 57 al duidelik maak. Sodat geen boosheid of siekte ooit die finale sê oor my liggaam het nie.

4. Ons eie liggaam

Maar waar laat dit my en jou liggaam vandag. Ons het die siening en verstaan oor die liggaam onder die Antieke Isrealiete ondersoek. So ook die rol van Christus se liggaam as brood van die lewe aan die kruis. Maar wat van my en jou liggaam. Ons het al baie nagedink en gepreek oor ons

liggaam en voedsel. Of ons liggaam en seksuele omgang. En wanneer jou liggaam gesond en fiks is, is dit soos ons alreeds gesê het 'n wonderlike instrument, wat aan jou 'n plek in die samelewing gee.

Maar wanneer jy begin siek en swak raak. Veral wanneer die liggaam begin ouer word. Dan is dit soms 'n moeilike prentjie. Dan sien ons soms die liggaam as 'n las wat my net terug hou. Of selfs erger iets wat my net pyn veroorsaak. Of dalk sien ek my onaantreklike liggaam as iets wat my van 'n plek in die sosiale samelewing ontnem. Op 'n manier sal ek dalk eerder verkies om ontslae te wees van hierdie liggaam as dit enigsins moontlik was.

Maar dan sien ons weer die verlossing wat die Here ons gee. Hierdie verlossing is nie maar bloot vir die siel wat uiteindelik die liggaam as kerker agterlaat nie. Hierdie verlossing is vir beide my liggaam en siel. Dit is dalk moeilik om te begryp wanneer ons na talle liggaamlike siek en swak gelowiges rondom ons kyk, daagliks. Maar ook my liggaam is verlos. En dit word in die besonder duidelik as ons kyk na dit wat na die dood gebeur.

Na die dood soos ons in vraag 57 van Sondag 22 bely, word my siel dadelik opgeneem na Christus. Maar met die wederkoms sal ook hierdie liggaam, hierdie selfde fisiese liggaam uit die graf opstaan. Hierdie liggaam sal dan

met my siel verenig word, en in 'n verheerlike vorm ver ewig by Christus teenwoordig wees in die Hemel. Dit is iets van die lê graf van Josef van Armita tot vandag toe nog vir ons onderstreep.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur na een laaste toepassing van dit wat ons vanaand bely het te kyk. Ons sien dit vandag in 'n moderne wêreld waar 'n begrafnisondernemer so maklik iemand ompraat om die liggaam van 'n geliefde te laat verbrand. Die ongelowige gebruik van lykverbranding bely eerder die waardeloosheid van die liggaam. 'n Gebruik wat die liggaam bloot sien as iets oorbodig waarvan daar ontslae geraak moet word, so laat dit sommer in die vuur gegooi word.

Daarom is die manier waarop Gereformeerdes die liggame van afgestorwe broers en susters hanteer het, nog altyd 'n begrafnis. Want deur die liggaam in die grond te begrawe, bely ons dat ons glo dieselfde liggaam sal net so weer opstaan met die dag van die wederkoms. Wanneer liggaam en siel herenig sal word en saam na die hemel gaan. Duidelik is die liggaam soveel meer as net iets wat vir ons 'n plek en 'n funksie in die samelewing bied. Die liggaam is ter slot van sake steeds in die beeld van God geskape. Selfs al het die sonde dit ook hoe erg bederf.

Daarom kan ons afsluit in die woorde van Job. Dat selfs al gebeur letterlik die ergste wat met my liggaam hier op aarde kan gebeur, weet ek my Verlosser leef. Ek weet ek sal uit hierdie jammerdal ook gered word met beide liggaam en siel. Ek weet ek sal nog lewe selfs in die hiernamaals, Ek weet ek sal ook uiteindelik vir God sien.

Amen